# *pruim* VERMARMERING


***Simptome van pruimvermarmering kom slegs voor op vrugte.***
***Alle gedeeltes van geïnfekteerde bome bevat die viroïed, maar geen ander abnormaliteite is al waargeneem nie.***

## LYS VAN SIMPTOME:

- Onegalige verkleuring of vermarmering van geïnfekteerde pruime se skil.
  Die pruime kan verskil in die strafheid van hul simptome - van ligte vermarmering tot swaar vermarmering wat vrugte onbemarkbaar maak.
- Pruime kan klein en hard wees met 'n abnormale vorm en 'n ongelyke oppervlakte.
- Pruime kan sogenaamde verkurking toon (in beide geel- en rooiskil vrugte).

### AFRICAN DELIGHT

SIMPTOOM BESKRYWING:
- Ligte tot ernstige vermarmering
- Dikwels klein vrugte en, in sommige gevalle, harde vrugte
- Een geval van verkurking



### BLACK PEARL

SIMPTOOM BESKRYWING:
- Matige tot ernstige vermarmering
- Hobbelrige vrugoppervlakte



### LADY RED

SIMPTOOM BESKRYWING:
- Ernstige vermarmering
- Dikwels kleiner vrugte



### AFRICAN ROSE

SIMPTOOM BESKRYWING:
- Matige tot ernstige vermarmering
- Soms hobbelrige vrugoppervlakte



### LAETITIA

SIMPTOOM BESKRYWING:
- Matige tot ernstige vermarmering
- Vrugte dikwels hard



### RUBY CRUNCH

SIMPTOOM BESKRYWING:
- Ernstige vermarmering



### RUBY STAR

SIMPTOOM BESKRYWING:
- Ernstige verkurking
- Byna altyd geassosieer met klein en harde vrugte
- Dikwels met hobbelrige vrugoppervlakte




### FORTUNE

SIMPTOOM BESKRYWING:
- Matige tot ernstige vermarmering
- Hobbelrige vrugoppervlakte



### SUN BREEZE

SIMPTOOM BESKRYWING:
- Baie ligte vermarmering
- Ernstige verkurking
- Vrugte is klein en hard
- Dikwels met hobbelrige vrugoppervlakte



### SONGOLD

SIMPTOOM BESKRYWING:
- Baie ligte vermarmering
- Ernstige verkurking
- Vrugte is klein en hard
- Dikwels met hobbelrige vrugoppervlakte



### RUBY SUN

SIMPTOOM BESKRYWING:
- Ernstige vermarmering
- Dikwels met hobbelrige vrugoppervlakte



### PIONEER

SIMPTOOM BESKRYWING:
- Ernstige vermarmering



*Vermarmering is 'n oordraagbare siekte van Japanese pruime wat veroorsaak word deur pruim viroïed I (PVd-I). 'n Viroïed is 'n klein sirkulêre RNA molekule wat repliseer en sirkuleer deur die gasheerplant.*

Foto's deur H. Maree. Informasie saamgestel deur H. Maree en R. Bester, met insette van C. Stander.

## VRUG SIMPTOME

| *Kultivar* | *Vermarmering* | *Verkurking* | *Harde Vrugte* | *Klein Vrugte* | *Hobbelrige Oppervlakte* |
|---|---|---|---|---|---|
| African Delight | ***<br>*** | * | * | ** | - |
| Black Pearl | *** | - | - | - | *** |
| Lady Red | *** | - | - | ** | - |
| Laetitia | *** | - | ** | - | - |
| Pioneer | *** | - | - | - | - |
| Ruby Crunch | *** | - | - | - | - |
| Ruby Star | - | *** | *** | *** | ** |
| Ruby Sun | *** | - | - | - | ** |
| Songold | *** | *** | *** | *** | ** |
| Sun Breeze | *** | *** | *** | *** | ** |

*** Dui aan wat die frekwensie van die simptoom ongeveer is. (* <25%, ** 25-75%, *** >75%).**
**Die kleur dui die strafheid van die simptoom aan. (Lig, Matig, Ernstig)**

### OORDRAG – HOE WORD DIT OORGEDRA?

- Pruim viroïed I word nie deur saad oorgedra nie. Dit is baie belangrik aangesien dit beteken dat die viroïed nie deur vrugte oorgedra kan word nie.
- Vermarmering word primêr versprei deur die plant van geïnfekteerde plantmateriaal.
- Meganiese oordrag van PVd-I tydens roetine praktyke soos snoei is ook hoogs waarskynlik.

### BEHEERSTRATEGIEË

- Merk, verwyder en verbrand alle geïnfekteerde bome.
- Ontsmet alle snoeitoerusting.
- Koop slegs kwekerybome uit getoetste moederblokke (materiaal gesertifiseer onder die Sagtevrugteplantsertifiseringskema word geïdentifiseer deur 'n blou kaartjie)
- Vir enige op-plaas okulering of enting, gebruik gesertifiseerde en getoetste materiaal vanaf 'n plantverbeteringorganisasie.

### TOETSE – KONTAKPUNTE

Die teenwoordigheid van PVd-I kan bevestig word deur laboratoriumtoetse by SAPO Trust of by die Plantsiektekliniek by Stellenbosch Universiteit.

**SAPO Trust**
021 887 6823

Kontakpersone:
Wendy Bailey - wendy@saplant.co.za

**Plantsiekte Kliniek**
**Departement van Plant Patologie, Stellenbosch Universiteit**

Kontakpersone:
Sonja Coertze
- 021 808 3222
- Plantsiektekliniek@stellenbosch.onmicrosoft.com

## SOORTGELYKE SIMPTOME, MAAR NIE VEROORSAAK DEUR PVd–I NIE

LAETITIA



ANGELENO



PIONEER

